NOTULE VAN DIE SA KERSIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 23 JULIE 2019 OM 10:00 TE CFG, CERES

TEENWOORDIG:

Arno Marais	Iwan Labuschagne	Izak Swart	Wim van Rikswijk
Gerrit Higgo	Tanith Freeman	Piet Bosman	Johan van Schalkwyk
Louis van Zyl	Alan Garlick	Christiaan Rabe	Gys du Toit
Nikko Maree	Philip Dicey	Albert Nieuwenhuis	Henk Rossouw
Maasdorp Maree	Cobus Nel	Robert Graaff	Wilme van Zyl
Ronen Leizarovich	Hugh Campbell	Inga Dhumane	Chad van Wyk
Lila shpakovsky	Jacques du Preez	Koos Pretorius	Heidi de Villiers
Yron Tsur	Elzette Schutte	Nando Baard	Dawid Winterbach
Nina Viljoen	Ilse Trautmann		

VERSKONINGS: Geen.

1. OPENING EN VERWELKOMING

Die voorsitter, Mnr. Arno Marais, heet almal baie welkom by die Algemene Jaarvergadering en bedank elkeen vir teenwoordigheid. Hy rig 'n spesiale woord van verwelkoming aan die sprekers. Daar word geopen met skriflesing en gebed.

2. BYWONING EN VERSKONINGS

Die teenwoordigheidsregister word gesirkuleer en verskonings word aangeteken. Die register sal op leêr geplaas word vir verdere verwysings.

3. VOORLEGGING

3.1. Alternative Crops Research Fund- Unlocking the potential of "Smaller crops" for a major impact on job creation and economic prosperity – Dr. Ilse TRautman, Elsenburg.

Dr. Trautmann lewer 'n uiters insiggewende opsommende toespraak oor wat die ACF die afgelope jare vir alternatiewe gewasse beteken het. Voorlegging word op rekord geplaas en is ook op die webtuiste beskikbaar aan lede.

3.2. Pakmateriaal opsies van Tadbik - Yaaron Tsur. Voorlegging word op rekord geplaas en is ook op die webtuiste beskikbaar aan lede. Voorbeelde van die pakmateriaal was beskikbaar vir die lede om van nader te bekyk.

3.3. Vrugtevlieg & Bactrocera Dorsalis- Nando Baard, Fruitfly. Nando se voorlegging handel oor die drie vrugtevliee wat vir ons 'n probleem is nl. Meditereense vrugtevlieg, Oriental Fruit Fly, en die Capefly. Nando se voorlegging word op rekord geplaas en is ook op die webtuiste beskikbaar aan lede

3.4. EU Uitvoer REgulasies: EU Vrugtevlieg Protokol & Phytclean- Jacques du Preez en Hugh Campbell Dit is uiters belangrik dat alle kersie produsente wat na die EU wil uitvoer hulle blokke MOET REGISTREER voor **16 AUGUSTUS 2019**. Die voorlegging word op rekord geplaas en is ook op die webtuiste beskikbaar aan lede.

3.5. Provar Kultivar Evaluasie terugvoering- Wilme van Zyl

3.6. Provar: Increasing cherry production potential through adaptability indexing- Chad van Zyl.

Wilme en Chad lewer deeglike terugvoering oor hulle velde.

Hulle se voorleggings word op rekord geplaas en is ook op die webtuiste beskikbaar aan lede.

4. BEDRYFSTATISTIEK

Nina Goosen (Hortgro) gee 'n omvattende oorsig van die Kersie bedryf Die inligting is versamel d.m.v. 'n kort vraelys wat aan al die produsente gestuur is. Die inligting sal aan lede versprei word en is ook op die webtuiste beskikbaar.

5. VOORSITTERSVERSLAG: 2019 OORSIG. Arno Marais gee 'n oorsig oor die afgelope jaar se belangrikste kwessies. Sy volledige verslag is beskikbaar op die webblad.

GOEDKEURING VAN 2018 AJV NOTULE

Die 2018 AJV notule word as gelese beskou en goedgekeur met die regstelling van die finansiële syfers.

6. FINANSIES

6.1. Goedkeuring van 2018/2019 jaarstate:

Mnr. Louis van Zyl van HORTGRO bespreek die geouditeerde jaarstate en noem die belangrikste syfers. In kort kom dit op die volgende neer:

Total Inkomste (ledegeld en tantieme)	R570,872
Uitgawes (vergaderings +plantmateriaal	(R425,689)
Surplus vir die jaar	R145,183
Opgehoopte Reserwes	R420,296

Vergadering keur die state goed soos voorgelê en 'n volledige getekende stel word op rekord geplaas.

6.2. Bevestiging van ouditeure

Die besluit is gemaak om weg te beweeg vanaf Mazars en na Broodwijk oor te gaan.

6.3. Begroting 2019/2020

Die lidmaatskap fooi sal dieselfde bly teen R1 000/hektaar waarby 1 hektaar gelyk is aan 1 000 bome. Die fooi word bereken tot 'n maksimum van 20 ha. Die fooi is ook van krag per PUC (plaas) en nie per maatskappy nie.

Daar word vanjaar weggedoen met die vorige jaar se addisonele navorsingsheffing van R300/ha.

7. VERKIESING VAN BESTUUR

Mnre Derick van Zyl en Maasdorp Maree se termyn verstryk in 2019 en slegs mnr. van Zyl is herverkiesbaar. Mnr Maree het egter besluit om nie langer te dien op die raad nie en Mnr. Gert Esteas is in sy plek verkies.

VERGADERING VERDAAG OM 15h00